

Hoofstuk van die dag: Hebreërs 13

> *Laat ons dan onophoudelik deur Jesus aan God ’n offer van lof bring … (vers 15)*

In die Ou Testament is die lof van God geweldig belangrik. Om te leef, beteken om te kan loof. Die grootste verskrikking van

die doderyk was dat God nie meer geloof sal kan word nie (Jes 38:18). Daarom was dit verskriklik om weg van die tempel te wees, waar God saam met die aanbidders geprys word (vgl Ps 84). Dit was so goed as om reeds dood te wees!
'n Mens kan sê: Iemand wat afgeleer het om God te prys, of wat dit nooit aangeleer het nie, leef nie regtig nie. Die sin van 'n mens se bestaan is daarin geleë dat jy God loof.
Ons kan dit doen deur met ander oor God te praat. Ons kan ook 'n lof-offer aan God bring deur met God self te praat, deur ons gebede, maar veral ook in die gemeente, deur ons sang. In sang kan jy dikwels dié dinge sê wat jy nie in spreektaal kan sê nie. Daarom is dit so nodig in die erediens. Gemeentesang is aanbidding en lof op sy beste.
G'n wonder nie dat Ps 22:4 sê God woon waar die lofsange van Israel weerklink.

Naskrif: Dankie dat jy saam met my Hebreërs gelees het. Môre keer ons terug na die Psalms. Ons lees Ps 120.

Onlangse Bydraes

- Joh 11: 25,26 JESUS BRING HOOP
- Dina, die meisie wat verkrag is
- Ragel, die vrou wat alles gehad het
- Joh 14:23 Smag jy na God se teenwoordigheid?
- Jakob

Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook

- X

© Bybelkoerant 2018 – 2026